



Verdien AgriBonus-punte
op alle produkte deur
Laeveld Agrochem aangekoop



Saam boer ons vooruit

Elfranco Maré

Nylstroom

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele advies kontak gerus vir Elfranco

Tel: 082 875 7245 E-pos: elfranco@laeveld.co.za

Elfranco Maré is in 1979 gebore en het op Tuinplaas, op die Springbokvlakte as plaaskind grootgeword. Hy het sy skoolloopbaan by 'n plaasskooltjie, Laerskool Tuinplaas, afgeskop en by Hoërskool Hans Strijdom in Naboomspruit gematrikuleer.

Met die sterk landbou-agtergrond van 'n plaaskind en sy opvoeding in 'n boeregemeenskap, besluit hy toe om landbou te gaan studeer. Hy het in 2001 sy landboudiploma in gewasproduksiebestuur verwerf en is as die beste landboustudent van die jaar aangewys.

Na die voltooiing van sy studies en AVCASA-akkrediasie, het hy sy toetrede tot die landbouchemiese bedryf gemaak. Hy het hom op Nylstroom gevestig, waar hy op die Springbokvlakte en omgewing ondervinding opgedoen het in verskeie landbougewasse en -praktyke. Dié gebied leen hom veral daaraan toe om te spesialiseer in minimumbewerking-strategieë ("no-till") en intensiewe aartappel- en tabakverbouing.

Hy het besluit om by Laeveld Agrochem aan te sluit omdat hulle reeks produkte en tegniese ondersteuning uitstekend gepas is vir sy betrokkenheid by al die intensiewe besproeiingsgewasse.

"Ek is met Eulene getroud en ons is geseën met die mooiste twee dogtertjies, Neline en Ligné. Ons is nie mense vir stilsit en kyk nie, en geniet aktiwiteite soos watersport, 4x4-roetes en Cheetah-rugby. Ek het my vlieglicensie in 2013 verwerf, en dis 'n groot droom van my wat waar geword het. Maar bo dit alles, poog ons daarna om elke dag só te lewe dat ons Hemelse Vader daardeur verheerlik kan word.

"Die landbou is nie net 'n liefde van my nie, dis vir my 'n passie. Elke kliënt se plaas voel soos my eie en daarom gee ek 100% vir elkeen van hulle. Dit is 'n voorreg om betrokke te wees by die Vlakteboere en Turf-tone, wat na my mening van die beste boere in die land is."

